# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (43/20)*

**(Volg my Twitter justchad_cga)**

*Justin Chadwick 23 Oktober 2020*

***"I have not failed. I've just found 10,000 ways that won't work." Thomas Edison***

## GLOBAL LEADERSHIP SUMMIT (GLS)

Die 2020 -GLS verskil heeltemal van vorige geleethede. Waar afgevaardigdes in die verlede by plekke regoor die wêreld bymekaargekom het, om van toonaangewende sprekers oor leierskap te hoor, het afgevaardigdes hierdie jaar vanaf huise, kantore en mobiele toestelle by die Summit ingeskakel.

Almal van ons is leiers - of ons nou leiers in ons gesin, die kerk, die gemeenskap, die besigheid of die leier van jou eie lewe is (soms die moeilikste om te lei), ons almal speel 'n leiersrol. Die leiding en wenke van die sprekers stel ons in staat om beter leiers te word - en as alle afgevaardigdes met 15% verbeter, word die wêreld 'n beter plek. Welgedaan aan die GLS-organisasie vir nog 'n wonderlike geleentheid - onder moeilike omstandighede. 'n Paar gedagtes van die geleentheid om te onthou:

- In 2020 het baie leiers gekla dat hulle oorwerk, angstig en depressief is. Ek onthou toe ons ingeperk was, geen reise en werk van die huis af verpligtend was. Daardie tyd het ek gedink dat dit meer tyd sou gee om werk gedoen te kry; geen verspilde ure om na en van lughawens te ry nie, vlugte self en al die dooie tyd op lughawens. Dit teenoorgestelde blyk toe om waar te wees - om van die huis af te werk, beteken dat jy nooit jou werk verlaat nie. Die ingewikkeldheid van 'n noodsaaklike sektor wat aanhou werk het, terwyl die grootste deel van die land stil geraak het, het moeilike tye opgelewer. 2020 was sonder twyfel die moeilikste jaar van my hele loopbaan, en ek vrees dat dit nie verby is nie. Die aanbieding oor hoe om jouself te bestuur is goed ontvang. Dis waardeloos om jouself uit te brand net omdat jy nie genoeg tyd vir jouself toelaat nie. Om geleenthede te skep wat ware rus moontlik maak – dit is Genade.
- 'n Spreker het die twee hoof kenmerke van mense behandel - warmte en bekwaamheid. Anders gestel - vertroue en respek. Die meeste mense is geneig om een van hierdie eienskappe te gebruik - maar goeie leiers behaal goeie punte met beide eienskappe. En jy kan 'n paar wenke toe pas om die indruk wat jy aan ander gee, te verbeter - jy kan positiewe, hartlike woorde gebruik wat vertroue en opwinding inspireer. Deur ysbrekers te gebruik, kan jy die gees van die bespreking of boodskap bepaal. Deur die beste van ander te verwag, kan jy eintlik hul aksies bepaal en hul ten goede inspireer.
- 'n Ander konsep was sielkundige veiligheid – dit bied die versekering dat personeel in 'n organisasie, gemaklik voel om die moeilike vrae te stel. Ook om ongewilde kommentaar te lewer en om foute te identifiseer - selfs al is dit op die leier gerig. Ons leef in 'n wisselvallige, onsekere, komplekse en dubbelsinnige (VUCA) wêreld. Daarom het ons almal in die onderneming nodig om op die uitkyk te wees vir die dinge wat nie heeltemal reg is nie. As 'n personeellid vergelding vrees en stilbly alhoewel hulle 'n probleem sien, het die onderneming 'n kans verloor om te verbeter. Leiers moet 'n sielkundige, veilige omgewing skep waar almal gemaklik voel om hul mening te lig.
- In hierdie onsekere tye moet leiers met nederigheid, begrip en openlikheid lei. In 2020 het leiers geleer hoe om ligvoets en 'n anker te wees. Om hiermee te help, moet leiers die personeel kan bemagtig om anders oor veranderinge te dink. Mense haat nie verandering nie, maar wel, hoe mense hul probeer verander. Leiers moet beloftes kan breek - dapper verklarings moet dikwels heroorweeg word - anders kan dit beperkings word. Goeie ondernemings ondersoek die "waarom". As jy verandering voorstel, kry jy die kritici (byna altyd die hardste), die omstanders en die ondersteuners. Wanneer jy die "waarom" verduidelik, ontwapen jy die kritici, leer die omstanders en bemagtig die ondersteuners. Almal kan pyn verduur as hulle die doel verstaan.

## SITRUS BEMARKINGSFORUM

Die CMF word op 28 Oktober 2020 om 10:00 met Zoom gehou. Kontak John Edmonds johne@cga.co.za vir meer inligting, agenda en die vergadering-ID en wagwoord.